

## Logos Gemeente van Christus

### Laat U Naam geheilig word, en U koninkryk kom

Lukas 11:1-13

15 Maart 2020

Soos julle weet is ons die afgelope klompie weke al besig met gebed. Ons het eers stilgestaan by Jesus se hoëpriesterlike gebed in Joh 17, en laasweek het ons na twee beginsels gekyk wat ons in gedagte moet hou wanneer ons bid:

- Ons bid al is dit waar dat God soewerein is en alles in Sy raadsplan opgeteken is. Nie net het Jesus vir ons die voorbeeld gestel hierin nie, maar daardeur gee ons erkenning aan God as die Een wat die beste weet wat moet gebeur, en ook dat ons gebede in God se raadsplan ingewerk is. Boonop is ons gebede vir ons tot seën deurdadig dat ons groei in ons verhouding met God, en ook in insig in Sy plan.
- Verder het ons gesien dat ware aanbidding moet in gees en in waarheid plaasvind. “In waarheid” beteken ek gebruik my verstand gebaseer op feite wat God geopenbaar het, en “in gees” deurdadig dat ek met my hele wese daarby betrokke is, insluitende my hart en emosies.

Vanoggend wil ons begin om na die Onse Vader te kyk. Ons wil juis die Onse Vader gebruik om te besin oor die inhoud van ons gebede, en wil natuurlik bogenoemde twee beginsels in gedagte hou wanneer ons dit doen.

#### Inleidende Opmerkings

Hoe moet ons die Onse Vader gebruik? Ek vind baie aanklank by wat die Westminster Confession in vraag 187 antwoord: “The Lord’s prayer not only directs us as a model for our other prayers but may also be used as a prayer itself that will promote our understanding, faith, reverence, and the other gifts of God in us that are necessary for us to pray properly.” Die Onse Vader kan enersyds direk as gebed gebruik word, maar andersyds (en ek wil suggereer die meeste van die tyd) is dit ‘n model vir ons ander gebede. Wat bedoel ons met dis die “model” gebed? Nie soseer dat dit die “beste” gebed is wat daar is nie, maar eerder dat dit die model (oftewel die vorm of agenda) is wat ons moet gebruik.

Let ook op die Onse Vader bevorder ons begrip (m.a.w. waarheid), geloof (m.a.w. waarheid en gees), ontsag (m.a.w. gees) en ander gawes wat nodig is om behoorlik te kan bid. ‘n Aantal implikasies spruit hieruit voort:

- Ons hoef nie altyd slegs die Onse Vader te bid nie. Weereens, kyk maar net na die inhoud van Jesus se gebede, en dit is duidelik dat Hy dit nie altyd woordeliks gebid het nie (kyk byvoorbeeld na Sy gebed in Getsemane). Maar dit sou tog ook nie verkeerd wees om die Onse Vader van tyd tot tyd te bid nie – dit is dan juis die gebed wat Jesus leer as Sy dissipel vra om hulle te leer bid.
- As die Onse Vader die agenda is waarvolgens ons behoort te bid, beteken dit dat ek elke keer as ek bid, al die aspekte wat in die Onse Vader vervat is, moet bid? Weereens kyk na Jesus se gebede: Ja, ons het ‘n paar weke gelede juis daarvoor gepraat dat Jesus se gebed in Joh 17 sterk bely is met die Onse Vader. Maar kyk na sy gebed in Getsemane, daar is in hierdie gebed tog niks wat ooreenstem met bv die gebed vir daaglikse brood in die Onse Vader nie. Of, kyk maar net na die verskille in die Onse Vader in Mat 6 en Luk 11 – Luk 11 bevat nie die derde bede nie.

- Ek hoef ook nie myself te beperk tot die presiese woorde as ek byvoorbeeld bid dat God se Naam geheilig word nie. Kyk weer na Joh 17 – duidelik is Jesus besorgd dat die Naam van Sy Vader verheerlik moet word, maar Hy bid nie woordeliks “Laat U Naam geheilig word nie”. Vergelyk weer Mat 6 met Luk 11, en jy sal verskil in bewoording vind.

Wat ons dus hier het, is ‘n raamwerk wat ek in gedagte moet hou wanneer ek oor my gebede besin. Al die onderwerpe wat in die raamwerk opgeneem is, moet iewers en gereeld in my gebede na vore kom oor ‘n sekere verloop van tyd. Maar ek kan dit afwissel. Byvoorbeeld: Maandag bid ek “Laat U Naam geheilig word”, Dinsdag “Laat U koninkryk kom”, ens. Wanneer ek bid oor een van die bedes in die Onse Vader, moet ek verstaan dat elkeen ‘n wye verskeidenheid van onderwerpe/sake insluit waarvoor ek oor verloop van tyd moet bid. Dit alles help om nie te stagneer wat inhoud betref nie. Dit op sy beurt help weer dat ek in gees en waarheid kan bid: daar is substansie in elkeen van die bedes in die Onse Vader (dus kan ek in waarheid bid), en in elkeen is daar variasie wat ek kan gebruik om persoonlike uitdagings en ervarings in my gebede in te sluit (dus kan ek in gees bid). Ek hoop om dit uit te wys soos wat ons deur die bedes werk.

Kom ons kyk ook vlugtig na die struktuur van die Onse Vader: Daar is basies 3 dele, naamlik die opening aan die begin, gevolg deur die 6 individuele bedes, en dan die afsluiting (wat nie in alle vertalings voorkom nie (afhangend van watter manuskripte gebruik is vir die spesifieke vertaling – in van die latere manuskripte kom dit wel voor, wat die indruk skep dit was dalk eers later bygevoeg). Die 6 individuele bedes kan ook in 2 groepe gedeel word: die eerste 3 is primêr op God gemik (en bevat telkens die woorde “Laat U...”), terwyl die laaste 3 bedes die mens se behoeftes uitlig (die woord “ons” kom telkens voor).

#### Ons Vader wat in die hemel is

Jesus leer dat wanneer ons bid, ons tot ons Hemelse Vader moet bid, en Hom as sodanig aanspreek in ons gebed. Net in hierdie openingstelling is al heelwat inhoud:

- Vader: Ons mag bid tot ons Vader. Dit het besondere betekenis: ‘n Vader is tog iemand wat versorg en weet hoe om goed te doen. Kyk maar net wat Jesus in Luk 11:11-13 hieroor leer. Selfs ‘n aardse pa weet hoe belangrik dit is om aan sy kinders goeie dinge te gee – hoeveel te meer as ons nou na ons Hemelse Vader mag gaan. Hy staan kop en skouers uit bo enige aardse pa, en daarom kan ons in groot verwagting tot Hom bid en baie goeie dinge verwag.
- Kind: “Vader” beteken ook ek is die kind in hierdie verhouding – weliswaar ‘n aangename kind deur die verlossing wat Jesus bewerk het. Dit het groot implikasies vir hoe ek bid (hoe om in gees te bid). Ek verstaan dat ek my aardse pa moet respekteer, hoeveel te meer moet ek dit nou doen met my Hemelse Vader. Ek kom dus in nederigheid, met groot respek en ontsag, en definitief kom ek nie iets eis nie! Ja, ek kan met vrymoedigheid kom (soos 1 Joh 5:14 ons leer), maar steeds met groot ontsag.
- Hemel: Die term “hemel” maak duidelik wie hierdie Vader is. Ek bid nie tot my aardse vader nie, maar wel my Hemelse Vader. Net hierdie term behoort ons gedagtes te rig en op te lig. Ek nader die hemel. Ek moet nou hoog dink en uitstyg bo die geskarrel in hierdie wêreld. Dit beteken nie ek kan nie my aardse behoeftes na my Vader bring nie, maar dit beteken wel dat ek deur ‘n hemelse lens daardeur kyk. Ek hoop dit sal duideliker word soos wat ons deur die detail van die gebed werk.
- Ons: Die feit dat ons mag bid “Ons Vader” dui op ‘n intieme verhouding waarop alleen God se kinders aanspraak kan maak. Dit beteken dit is nie beskore vir die mense wat God nie as Vader het nie, d.w.s. die mense wat nie Jesus as Verlosser aangeneem het nie. Verder moet die herhaalde gebruik van die woord “ons” in die Onse Vader tog ook sekerlik verdere steun

gee aan die feit dat gebed nie net beperk is tot 'n individuele aksie nie, maar dat gesamentlike gebed onder gelowiges baie tipies is.

Die vraag word dikwels gevra of ons net tot die Vader mag bid, en of gebede tot die Seun en die Heilige Gees ook toelaatbaar is. Ek wil enkele opmerkings hieroor maak:

- Daar is voorbeelde in die Bybel van gebede wat tot die Seun gerig is: Stefanus se gebed in Hand 7:55 en 59, 1 Kor 1:2 en 1 Kor 16:22 (Maranata – Kom Here Jesus).
- Daar is na die beste van my wete geen voorbeeld in die Bybel van 'n gebed wat direk tot die Heilige Gees gerig is nie.
- Dit is egter waar dat die Seun en die Heilige Gees deel van die Drie-Eenheid is, en daarom is dit onwaarskynlik dat dit verkeerd is om tot hierdie twee Persone te bid (soos wat bg voorbeelde i.v.m. die Seun uitwys).
- Maar, by verre is die oorwig in die Bybel dat ons tot ons Vader bid. Kyk maar na Jesus se lering in die Onse Vader, of kyk na Joh 16:23 waar Jesus leer “Wat julle ookal die Vader in My Naam vra, sal Hy vir julle gee”, of Gal 4:4-7 waar die Heilige Gees in ons werk om uit te roep “Abba”, wat beteken Vader. Die model wat ons behoort te hê is dat die Vader die oorsprong van ons verlossing is, die Seun is die Middelaar van ons verlossing, en die Heilige Gees maak dit werklik in my (Enabler). As ek nou bid, bid ek tot die Vader (die Oorsprong), terwyl die Seun vir ons intree by die Vader (as Middelaar), en die Heilige Gees (die Enabler) saam met ons bid. Wanneer ons as 'n reël tot die Seun of die Heilige Gees bid, is ons geneig om hierdie beeld skeef te trek.

#### Laat U Naam geheilig word

Die eerste bede is “Laat U Naam geheilig word”. Wie is die “U” in hierdie bede? Tog sekerlik die Vader. Ons het onlangs weer gepraat oor die begrip heilig wat die inhoud het van “afsondering” enersyds en “skoon” of “verhewe” andersyds. Die betekenis van die bede is dus dat die Vader verheerlik moet word, en dat Hy alleen hierdie verheerliking waardig is. In Joh 14-17 het ons gesien dat selfs die Seun die Vader wil verheerlik, en dat die Heilige Gees weer op Sy beurt die Seun wil verheerlik. Ons, daarenteen, het die verantwoordelikheid om die Seun en die Vader te verheerlik – maar ons sou kon sê dat ons verheerliking van die Seun tot gevolg het, dat Hy op Sy beurt weer die verheerliking aan die Vader deurgee. Die inhoud van die bede is dus dat die Vader, en dus God, geheilig/verheerlik word.

Kan ek jou nou herinner aan God se plan. Wat is die hoogste doel met God se plan? Ons het laasjaar tydens ons oordenking van Genesis 1 en 2 keer op keer gesê die oorkoepelende doel is dat die aarde gevul moet word met die heerlikheid van God (Ps 72:19)! Is dit nou verrassend dat die eerste saak wat Jesus in die Onse Vader insluit, is die oorhoofse doel van God se raadsplan, en dus met die skepping en almal in die skepping. God se Naam moet geheilig word! Dink maar aan Rom 11:36. Sien jy wat ek bedoel het met die inhoud van die Onse Vader lyk na 'n opsomming van God se plan. Sien jy ook hoekom dit belangrik was dat ons laasweek onself herinner het dat ons juis in ons gebede bid vir die uitwerk van God se plan.

Wie se verantwoordelikheid is dit dat die Vader geheilig word? Daar is verskeie partye:

- Dink aan Op 4 en 5 se troonvisioen in die hemel. Daar is die 4 lewende wesens, en die 24 ouderlinge en duisende der duisende, ja miljoene der miljoene engele wat almal God verheerlik!
- Dink aan die skepping in Rom 8:21 wat daarna smag om tot die vryheid te kom van die heerlikheid van die kinders van God. Ek het julle al vertel van die Hubble teleskoop wat hulle

op 'n deel van die ruimte gemik het waar hulle gedink het daar was niks, en na dae se blootstelling sien hulle nog sterre en sterre wat die mensdom nooit van geweet het nie! Hoekom is daardie sterre daar as ons nie eers van hulle weet nie? Om God te verheerlik!

- En dan is daar die mens hier op aarde. Dit is waarmee ons besig behoort te wees. Natuurlik behoort dit waar te wees van ons hele lewe – maar sekerlik by uitstek wanneer ons in gebed voor ons Hemelse Vader is.

Die vraag vir ons in ons bestudering van gebed is: Hoe doen ek dit? En onthou nou wat ons laasweek gesê het: ons moet dit in gees en waarheid doen, met hart en verstand.

As ek dit in waarheid wil doen, beteken dit daar sal inhoud in moet wees. Waar vind ek hierdie inhoud? Watse inhoud is dit? Hier is 'n paar bronne:

- God se spesifieke openbaring, d.w.s. Sy Woord: Wat is daar in God se Woord wat ons kan gebruik om Hom te verheerlik? Dink aan:
  - God se attribute. Wel, ons is in die Bybelstudie op koers om dit te bedink. Maak seker jy kry dit onder die knie. Hierdie is 'n ryk bron van groot lofprysing. Maar jy sal dit moet bestudeer om die bron nuttig te kan gebruik tot God se eer
  - God se plan. Bedink God se plan: Skepping / sondeval / belofte van verlossing / realisering van verlossing / einddoel van verlossing 'n nuwe hemel en aarde
- God se algemene openbaring, d.w.s. Sy skepping: Wat is daar in die skepping wat ons kan gebruik om God te verheerlik? Dink aan:
  - Wonder van die natuur. Dit beteken jy sal jou in die natuur moet ingrawe. Begin lees oor voëls of verkleurmannetjies, bestudeer die sterrekunde, bestudeer die variasie in kossoorte, maak notas oor die verandering in seisoene.
  - Bestudeer die geskiedenis (wêreld, kerk, familie). Bedink die groot gebeure. Hou jou self op hoogte van nuusgebeure.
  - Bestudeer kultuur soos musiek of letterkunde.
  - Bedink al hierdie dinge in die lig van God se openbaring oor die laaste dae.

As jy jou tyd behoorlik spandeer sal bogenoemde vir jou 'n ryk bron van inligting wees wat jy kan gebruik om God mee te verheerlik. Maar tot 'n groot mate (of ten minste potensieel) is dit aanbidding in waarheid. Hoe maak ek dit “in gees en waarheid”? Ek dink die volgende kan help:

- God se spesifieke openbaring
  - God se attribute. Neem een of meer van God se attribute en dink aan jou eie lewe. Kan jy aan 'n gebeurtenis dink waar God se liefde in jou persoonlike lewe duidelik geword het? Of waar God jou op grond van Sy heiligheid gekonfronteer het met jou sonde? Of waar God op 'n wonderbaarlike manier voorsien het?
  - God se plan. Is jy deel van die mense wat aan God behoort? Hoe weet jy? Hoe het dit gebeur?
- God se algemene openbaring
  - Wonder van natuur. Gaan kyk voëls, gaan stap in die berge, gaan slaap in die woestyn, gaan kyk sterre. En span jou brein in terwyl jy dit doen tot jy in verwondering staan.
  - Bestudeer jou eie geskiedenis. Hoe het jy jou huweliksmat ontmoet? Hoe het jy in die Vaaldriehoek gekom? Hoe het jy in hierdie gemeente gekom? Weereens, hou aan tot jy in verwondering staan oor God se betrokkenheid.
  - Gaan lees 'n goeie boek, of luister na mooi musiek, of gaan na 'n goeie uitvoering. Dit is gebaseer op gawes wat God aan die mensdom gegee het.

Die punt wat ek probeer maak is dit: Aan die een kant, span jou in om feite in te samel oor God en Sy werk. Onthou Sy werk word op meer plekke gevind as in die Bybel. Die Bybel gee sekerlik vir ons die bril waardeur ons die skepping, geskiedenis en ons eie lewens moet lees, maar moet nie die dinge wat jy elke dag belewe los sien van God se werk nie. Vat daardie heerlike waarhede waarvan ons in die Bybel leer, en soek na voorbeelde rondom jou wat dit bevestig. Ek is oortuig jy gaan baie inhoud vind wat jy moreoggend in jou gebed voor die Here kan bring om Hom te verheerlik – in gees en in waarheid.

Kyk na die huidige situasie in die wêreld a.g.v. die coronavirus: Die afgelope week het een politieke leier na die ander opgestaan en erken hulle het nie beheer oor die siekte nie, en allerlei beheer maatreëls ingestel om die verspreiding te vertraag. Verder het die aandelemarkte regoor die wêreld getuimel. En verskeie lande het 'n verbod om reis ingestel (veral per skip en vliegtuig). Onthou jy wat ons nou die dag in Openbaring 18 oor gepraat het: die konings, die sakemanne en die seemanne het almal getreur oor die van Babilon – i.e. die sisteme wat hulle gebruik het om hulleself in te verlustig. Sien jy die ooreenkoms met ons huidige wêreld? Ek is oortuig: dit is God self wat besig is om op te tree om die wêreld te herinner aan hulle verantwoordelik dat Sy Naam geheilig moet word.

Nou kan jy vir my sê: Sjoue, dis nogal baie werk om te bedink voor ek bid. En boonop is dit maar die eerste bede – daar is nog vyf ander bedes wat volg. Teen hierdie tempo gaan ek die heeldag voorberei net om te kan bid. Wel, is dit noodwendig sleg? Maar kom ons wees realisties en prakties. Natuurlik gaan jy nie elke dag deur hierdie oefening nie. Maar:

- Sodra jy agterkom dat jou verheerliking van God stagneer, gee aandag aan wat ons hierbo beskryf het. Maak seker daar is variasie in jou verheerliking. Ja. God is die Skepper, maar Hy is baie meer as die Skepper. Hy verlos, voorsien, oordeel, stuur, ens. Bring variasie in jou verheerliking.
- Enersyds maak seker dat jy werklik 'n goeie kennis van God en Sy werk het gebaseer op die Woord (en die skepping). Andersyds bring dit in verband met wat rondom jou en met jou gebeur. Dit sal help dat jou verheerliking nie net in waarheid is nie, maar ook in die gees.